# Bybel vir Kinders

bied aan

# Gideon se Soldate



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Janie Forest
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Aangepas deur: Ruth Klassen

Storie 15 van 60

**www.M1914.org**

***Bible for Children,*** *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans







Een Israeliet, Gideon het 'n geheime plek gehad waar hy graan gegroei het.
3
Hy het die graan gemaal by 'n weggesteekte meule onder 'n groot boom.
4
Die Midianiete het nie geweet van die plek nie, maar God het. God het 'n Engel gestuur met 'n boodskap vir Gideon.
5
Gideon moes sy vader se beeld van 'n valse god afbreek en 'n altar bou van die ware God. Alhoewel Gideon bang was die mense sou hom doodmaak het hy gedoen wat God beveel het.
6
God wou ook dat Gideon die Israeliete lei teen die wrede Midianiete. Gideon was baie bang. Hy het gevra vir 'n spesiale teken om te wys dat God met hom was. Hy het 'n wollerige skaap vel op die grond neergesit.
7
"As daar net dou op die vel is en die grond rondom droog," het Gideon gebid, "dan sal ek weet dat U Israel sal red deur my hand soos U gesê het."
8


In die oggend was die grond droog maar DIE VEL WAS PAP SOP NAT!
9
Gideon het nog getwyfel. Nou het hy God gevra om dou op die grond te stuur maar nie op die vel nie.
10
Die volgende dag was die grond nat, maar DIE VEL WAS DROOG!
11
Gideon het uitgegaan met 32,000 mansskappe. God het hulle verminder tot net 300 mans. God wou nie hê Israel moet sê "Ons eie mense het ons gered." God alleen was Israel se Redder.
32000
10000
300
12
God het geweet Gideon is nog bang. God het dat hy hoor hoe een Midianiet soldaat vertel van sy snaakse droom. In die droom het 'n brood teen 'n Midianiet se tent geval en dit verbrysel.
13
Die ander soldaat was bang. "Dit is ... die swaard van Gideon ..." het hy geroep. Toe Gideon die droom hoor en die betekenis, het hy geweet dat God gaan aan hom oorwinning gee.
14

Gideon het 'n aanval vir die nag beplan. Hy het elke soldaat 'n trompet gegee en leë kruik met 'n fakkel. Hulle het die Midianietiese leer omsingel.



15

Toe Gideon die sein gee, het die soldate op hulle trompette geblaas hulle kruike gebreek en hulle fakkels aangesteek. Wat 'n geraas! Wat 'n deurmekaar spul. Die Medianiete was so bang en het weg gehardloop.



16

Na die groot oorwinning het die mense van Israel gevra of Gideon oor hulle sal regeer.



17

"Ek sal julle nie regeer ... die Here sal oor jul regeer." Sê Gideon. Hy het geweet net God het die reg om mense lewens te regeer.



18

Gideon se Soldate

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Rigers 6 - 9

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!